

10

SALOMO BOU 'N TEMPEL So lyk ons kerkgebou

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons in die kerkgebou bymekaar kom om die Here te dien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God se kinders dien Hom in die kerkgebou en in hul eie huise.
- Die mense in die Ou Testament het gedink God bly in die tempel.

Gesindheid

Die kinders moet –

- glo dat God hulle liefhet.
- die begeerte hê om gereeld kerk toe te gaan om God te dien.
- God aanbid in die erediens.
- tuis voel in die kerk en graag daar wil wees om die Here te dien.

Vaardigheid

Die kinders moet kan vertel hoe die kerk binne lyk en waarvoor elke ruimte daar is.

MEER INLIGTING (1 Konings 5 en 6)

Die volk Israel het nie 'n tempel gehad waar hulle God kon aanbid nie. Hulle het net 'n tent gehad waar hulle dit kon doen. Toe het koning Salomo besluit hy gaan 'n tempel vir die Here bou. Dit sou ook mos nie lekker gewees het as ons nie 'n kerk gehad het nie, nè?

Salomo was 'n ryk koning, daarom wou hy 'n baie duur tempel bou. Sommer 'n spoggerige plek. Hy het net die beste hout gebruik. Dit was hout van sederbome wat hulle op die berg Libanon laat kap het.

Salomo het baie mense gebruik wat gebou het. Die Bybel sê daar was dertig duisend mans. Dit is darem baie, nê! Dan het hy nog 'n klomp ander mans ook gebruik om in die berge klippe te kap waarmee hulle kon bou.

Hierdie tempel was drie verdiepings hoog. Binne-in die tempel was alles met goud oorgetrek.

Kyk rondom julle hoe ons kerk binne lyk. Kom ons loop 'n bietjie deur die kerk, dan kyk julle mooi hoe alles lyk. Lyk die kerkgebou net soos die prentjies van die tempel waarna ons gekyk het? Nee! Wat is anders? Daar was nie 'n preekstoel in die tempel nie, en daar was nie banke nie. (Laat hulle verder uitwys wat anders is.)

Dit is omdat die mense in daardie tyd nie gepreek het in die tempel nie. Hulle het gedink dit is God se huis waar Hy bly. Net die priester mag daar ingegaan het. Die gewone mense het buite gebly en offers vir die Here gebring. Kan julle in jul boeke sien hoe groot die altaar voor die tempel is? Die altaar is waar hulle offers vir die Here gebring het. 'n Offer is soos 'n geskenk vir die Here. Partykeer was dit 'n dier wat hulle aan die Here geskenk het, ander kere was dit 'n deel van hul oes, koring of druiwe.

Maar ons bring nie meer vandag dieselfde soort offers vir die Here nie. Ons kom luister wat die Here vir ons wil sê. Die Here praat met ons deur die Bybel as die dominee daaruit preek. Daarom is die preekstoel daar. Die dominee staan op die preekstoel en preek vir ons. Daarom is daar banke in die kerk, want ons sit en luister na die dominee.

Kan julle onthou hoe julle na die erediens saam met die diakens die geldsakkie vasgehou het? Dit is die soort offer wat ons bring. Ons noem dit 'n dankoffer. Ons sê vir die Here dankie met die geld wat ons gee sodat sy werk in die kerk gedoen kan word. Sien julle, ons het ook 'n doopvont en Nagmaaltafels voor in die kerk. Daar is ook die plek waar die ouderling staan as hy die tien gebooie voorlees.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Papier en potlode vir elke kind, sodat hulle 'n prentjie kan teken.
- Reël vooraf dat die kinders na die erediens by die diakens staan wanneer hulle die dankoffers by die deure insamel. Dalk kan van hulle die sakkie vashou.
- Reël met die koster dat julle gedurende klastyd die kerkgebou kan besigtig.

KOM ONS BEGIN

Lees of sing Gesang 547: 1 en 3. Daarna volg 'n gesprek oor die beginwoorde van vers 3: *Ons gaan in sy woning in...*

1.

*Alle volke, klap jul hande – juig tot eer van God.
Verhef jul stem en roem sy Naam in elke stad op aarde!*

*Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,
want Hy is ewig Koning in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning skenk ons sy genade!*

3.

*Ons gaan in sy woning in, Hy roep ons almal saam;
die skare juig en horings blaas, ons almal roem sy Naam!*

*Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,
want Hy is ewig Koning in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam; loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning skenk ons sy genade!*

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
 - Wat noem ons die stories wat Jesus gebruik het om iets belangrik te verduidelik? (*Gelykenisse.*)
 - Wat is die naam van die gelykenis van die seun wat varke gaan oppas het? (*Die verlore seun.*)
 - Wat leer ons oor God in hierdie gelykenis? (*Dat God net so lief is vir ons soos die pa vir sy seun. God sal ons ook altyd weer vergewe.*)
- Kontroleer of hulle –
 - Lukas 15: 23 en 24 kan voltooi: *Laat ons eet en feesvier! ... (Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.)*
 - met hul ouers gesels het oor iemand vir wie hulle dalk nog kwaad is. Laat hulle vertel wat gebeur het.
 - aan tafel gebid het en spesifiek vir die Here gevra het om hulle te vergewe vir alles wat hulle verkeerd doen.
 - die doolhof in hul boeke voltooi het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons het toe ons begin het in die Gesang gehoor: *Ons gaan in sy woning in, Hy roep ons almal saam.* Weet julle wat dit beteken? (*'n Woning is 'n huis.*) Wat bedoel ons as ons dit sing? In die tyd van die Bybel, in die Ou Testament, het die mense gedink die tempel is God se huis, en daarom gaan hulle sy woning in as hulle tempel toe gaan. Ons kerkgebou is iets anders. Vandag gaan ons kyk hoe die tempel gelyk het en hoe ons kerk lyk.

Kyk na die prentjie in jul boeke. Sien julle hoe die tempel gelyk het? (Laat hulle goed na die prentjies kyk en vrae vra as hulle wil. Kan julle sien hoe groot die altaar voor die tempel is? Sien julle banke soos ons kerkbanke? En 'n preekstoel?) Ons vat ons boeke en 'n potlood saam en stap nou kerk toe om te kyk wat alles daar is.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel van Salomo se tempel en van jul kerkgebou. Die inligting is in 'n vorm wat net so gebruik kan word.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Koning Salomo het die tempel vir die Here gebou.
- Die mense van die Ou Testament het gedink God bly in die tempel.
- Net die priester mag in die tempel ingegaan het.
- Die gewone mense het hul offers buite die tempel gebring.
- Ons almal gaan in ons kerkgebou in.
- Ons kerkgebou lyk anders as die tempel.
- Ons het 'n preekstoel en nie 'n altaar nie.
- Die dominee preek uit die Bybel op die preekstoel.
- So hoor ons wat die Here vir ons wil sê.
- Ons gee geld as dankoffer as ons by die kerk uitstap.
- So sê ons dankie vir alles wat die Here vir ons doen.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle buite die kerkgebou op 'n gemaklike plek gaan sit en die kerkgebou in hul boeke teken. Daarna gesels julle oor hoe die kerk verskil van die tempel.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle vir hul ouers die prentjie van die tempel, en ook die prentjie van hul kerk wat hulle geteken het, gaan wys.
- Laat hulle ook vir hul ouers vertel hoekom die tempel anders gelyk het as hul kerkgebou.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die kerkgebou is in die Bybelse 'n tempel genoem.
- Vandag lyk ons kerkgebou anders as 'n tempel.
- In ons kerk is daar 'n preekstoel.
- Die dominee preek uit die Bybel op die preekstoel.
- So hoor ons wat die Here vir ons wil sê.

- Ons gee geld as dankoffer as ons by die kerk uitstap.
- So sê ons dankie vir alles wat die Here vir ons doen.

AFSLUITING

Sluit af met gebed en dank die Here dat ons 'n kerkgebou het waar ons Hom kan kom dien.

